

HOOFSTUK XIII

DIE OOSTERLING ONDER 'N WESTERSE ONDERWYSSTELSEL:
DIE TEENSWOORDIGE TOESTAND IN TRANSVAAL:
ONDERWYS, OPVOEDENDE INVLOEDE EN DIE SAAM-SKOOLGAAN
VAN INIERS EN KLEURLINGE.

(Die resultate van die antwoorde op afdelings C tot L
 van vraelys A en C tot H van vraelys B)

1. DIE LEERPLAN EN BEROEPSONDERWYS.

(Afdeling C van vraelyste A en B).

(a) Die Leerplan.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die aantal skole waarin die genoemde vakke onderwys word:

TABEL 137.

Die verskillende vakke wat onderwys word, 1940. (Tvl)

	<u>Indiërskole</u>	<u>Gemengde skole</u>	<u>Totaal</u>
Afrikaans	12	33	45
Engels	12	33	45
Rekene	12	31	43
Aardrykskunde	12	32	44
Geskiedenis	12	32	44
Natuurstudie	12	31	43
Gesondheidsleer	9	25	34
Tekene	8	24	32
Sang	3	19	22
Liggaamsoefeninge	6	15	21
Bybelgeskiedenis	-	19	19
Handwerk	2	13	15
Naaldwerk	3	1	4
Kartonwerk	2	8	10
Algemene Kennis	1	1	2
Houtwerk en Kookkuns	1	-	1
Morele lesse	1	1	2
Skrif	-	7	7

Al hierdie vakke word in die gewone leerplan ingesluit, maar almal word blykbaar nie in al die skole onderwys nie. Die meeste skole het alleen die sogenaamde

hoofvakke nl. die eersgenoemde sewe vakke, ingedagte ^{gehad} toe hulle hierdie vraag be-antwoord het. Handwerk sluit ook tuinbou in. Bybelgeskiedenis word nie in die Indiërskole onderrig nie, maar in die plek daarvan word in een skool morele- of sedelesse gegee. Indiërkinders in gemengde skole woon gewoonlik nie die Bybelgeskiedenis-klasse by nie. In 'n paar skole ontvang hierdie leerlinge ook sedelesse.

Die leerplan is dieselfde as die vir skole vir blankes. Die praktiese vakke behoort 'n baie groter rol in hierdie skole te speel, afgesien van die beroep wat die leerlinge later gaan volg.

(b) Die beroepe van die ouers en die leerlinge.

Die volgende tabel gee 'n vergelyking van die beroepe wat die ouers en die leerlinge volg:

TABEL 138.

Beroepe van ouers en leerlinge, 1940. (Tvl).

	Ouers se beroep.			Leerlinge se beroep.		
	Indiër-skole	Gemengde skole	Totaal	Indiër-skole	Gemengde skole	Totaal
Kommer-sieel.	14	23	47	14	26	40
Myn-werkers.	1	2	3	1	-	1
Tafel-bediendes.	-	5	5	4	3	7
Onder-wysers.	-	1	1	2	-	2
Huishoude-likewerk.	-	1	1	-	1	1

Onder kommersiël word ingesluit: Algemene handelaars, vrugte handelaars, smouse, winkelklerke en boekhouers. In 82.5% van die gevalle het die ouers 'n kommersiële beroep gevolg. In 78.4% van die gevalle het die leerlinge ook 'n kommersiële beroep gevolg. Waar 8.8% van die ouers tafelbediendes geword het, het 13.7% van die leerlinge dit ook geword.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die leerlinge gewoonlik die beroepe van die ouers volg.

(c) Voorbereiding vir toekomstige beroepe.

Die antwoorde op hierdie vraag kan ons gerieflikheidshalwe onder die volgende hoofde behandel:

(i) Geen voorbereiding.

Agt Indiërskole en 21 gemengde skole erken dat hulle geen voorbereiding vir die toekomstige beroep gee nie.

(ii) Indirekte voorbereiding.

Hieronder behandel ek diegenes wat beweer dat die gewone skoolvakke op so'n wyse in hulle skole onderrig word dat dit aanpas by, en voorberei vir die lewe. So word daar vanaf standerd II spesiale aandag aan die offisiële tale gewy en baie klem op Engelse lees en skryf gelê. Ook word tuinbou vanaf die grade gegee en vinnige optel in rekene vanaf standerd I.

Hierdie ekstra werk is nuttig maar berei vir geen beroep as sulks voor nie. Tuinbou blyk die gewone skooltuintjie te wees wat met natuurstudie verband hou.

(iii) Direkte voorbereiding.

Een skool meld dat standerds V en VI 'n kursus in boekhou en besigheidsmetodes volg. Hierdie vak word nie in die gewone laerskoolleerplan ingesluit nie. Moontlik word die afdeling "rekenings" in die gewone rekene-leerplan bedoel. Die proses van koop en verkoop word soms in rekene prakties uitgevoer. Vir hierdie doel word die klas in groepe verdeel. In een geval word dit reeds in die grade gedoen. Dit blyk egter net 'n intelligente metode van rekene-onderwys te wees, maar 'n spesiale voorbereiding vir 'n beroep is dit seker nie. Ook die handwerk- en houtwerk-kursus vanaf standerd IV is nog nie 'n opleiding vir skrynwerkers nie.

Die een skool meld dat hy 'n kommersiële kursus vanaf standerd IV tot VI aanbied en 'n andereen bied dieselfde kursus vanaf standerd V aan. Watter vorm hierdie opleiding aanneem is nie duidelik nie. Moontlik is dit ook 'n deel van die gewone rekene-leerplan.

Daar is egter een skool wat boekhou vanaf standerd VII aanbied. Dit kan dan ook as die enigste skool beskou word waar leerlinge vir 'n kommersiële beroep voorberei word. Dit is 'n gemengde skool.

Behalwe laasgenoemde geval is die enigste werklike voorbereiding wat die leerlinge vir hulle beroepe ontvang, die praktiese ervaring wat hulle opdoen deur hulle ouers in hulle beroepe behulpzaam te wees.

88.8% van die skole het gemeld dat die leerlinge wel hulle ouers help. Dit is dan ook hier waar hulle kennis maak met, en prakties opgelei word vir hulle toekomstige beroepe. Hierdie hulp wat die leerlinge na skool aan hulle ouers verleen is egter die oorsaak dat die huiswerk verwaarloos word.

2. BUITESKOOOLSE AKTIWITEITE.

(Afdeling D in vraelyste A en B.)

(a) Seremonies buite skoolure.

Ses-en-twintig skole erken dat daar seremonies buite skoolure is wat deur die leerlinge bygewoon word. Die meeste van hierdie feestelikhede staan in verband met die Indiërgodsdienste. Die gereeldste van hierdie seremonies is die kerk-en moskee-dienste. Kerkdienste word gewoonlik een dag per week of een middag gehou. (Woensdag).

Ander feestelikhede het alleen met spesiale geleenthede te doen soos byvoorbeeld begrafnisse of wanneer iemand siek is. Die verskillende godsdienste het ook een of twee feesdae per jaar. In die geval van die Mohammedane is dit ~~Buckri en Dipawali~~ ^{Idol Sihar⁽¹⁾}. Voetbal, krieket en konsert-oefeninge word ook onder seremonies ingesluit.

Die tyd wat deur hierdie seremonies in beslag geneem word, wissel van 2 tot 5 uur per week. Dit is dus redelik om aan te neem dat gemiddeld 'n halfuur per dag hierdeur in beslag geneem word.

(1). Die Hindoe-Feesdag is Dipawali.

(b) Klasse buite skoolure.

Die volgende is die aantal skole wat melding maak van spesiale klasse buite skoolure:

TABEL 139.Spesiale klasse buite skoolure, 1940. (Tvl)

	Indiërskole	Gemengde skole	Totaal.
Godsdiensklasse	10	15	25
Taalklasse	8	14	22

In 25 gevalle is daar dus godsdiensklasse en in 22 gevalle taalklasse. Ons kan aanneem dat oral waar daar 'n Indiërgemeenskap is, dergelike klasse sal bestaan.

In die godsdiensklasse maak die leerlinge 'n studie van hulle eie godsdiens. In die geval van die Mohammedane beteken dit 'n studie van die Koran. Die godsdiensklasse word gewoonlik deur 'n priester gehou. In die taalklasse word 'n studie gemaak van die verskillende Indiërtale. vbb. Gujerati, Urdu, Tamil, Arabies en Persies.

Hierdie klasse word gewoonlik in die middag, maar baiekeer ook in die aand, gehou. Mohammedaanse kinders het gewoonlik vanaf 2 of 2.30 n.m. tot 5.30 n.m. klas en moet daarna na die moskee gaan. Die vrye tyd wat deur hierdie klasse in beslag geneem word, wissel van 2 uur tot 5 uur per dag.

Saam met die tyd aan seremonies bestee sou ons dus kan aanneem dat die Indiërkind gemiddeld 3 uur per dag van sy vrye tyd moet opoffer vir hierdie buiteskoolse aktiwiteite. Vir huiswerk en ontspanning bly daar dus geen tyd oor nie. Hierdie oorlaaide program is een van die redes waarom Indiërkinders so vroeg die skool verlaat. Op die opvoedkundige en sielkundige implikasies van so'n lang skooldag dien hier nie verder ingegaan te word nie.

3. DIE OUERS.

(Afdeling E van vraelyste A en B).

(a) Belangstelling van die ouers.

Die volgende tabel toon tot watter mate die ouers belangstelling toon in die onderwys van hulle kinders:

TABEL 140.Belangstelling van die ouers, 1940. (Tvl)

	<u>Uitstekend</u>	<u>Goed</u>	<u>Gemiddeld</u>	<u>Swak</u>	<u>Baie swak</u>	<u>Totaal</u>
Indiërskole	3	4	2	3	-	12
Gemengde skole	3	9	15	3	3	33
Totaal	6	13	17	6	3	45

Drie-en-dertig persent van die suiwer Indiërskole bestempel die belangstelling as goed, 25% as uitstekend, 25% as swak en 16.6% omskryf die belangstelling as gemiddeld. Die meeste gemengde skole (d.i. 45.6%) bestempel die belangstelling as gemiddeld en net 27.3% as goed.

As ons^{al} die skole neem dan vind ons die volgende oordeel oor die belangstelling van die ouers: Gemiddeld, 37.7%, goed, 28.8%, uitstekend en swak elk 13.3%, baie swak 6.6%.

Dit blyk dus volgens die skole dat die belangstelling van die ouers gemiddeld na goed is.

(b) Samewerking van die ouers met die onderwysers.

Die volgende tabel toon tot watter mate die ouers saamwerk met die onderwysers:

TABEL 141.Samewerking van die ouers, 1940. (Tvl)

	<u>Uitstekend</u>	<u>Goed</u>	<u>Gemiddeld</u>	<u>Swak</u>	<u>Baie swak</u>	<u>Totaal</u>
Indiërskole	1	1	7	3	-	12
Gemengde skole	2	13	11	2	5	33
Totaal	3	14	18	5	5	45

Die meeste Indiërskole (d.i. 58.3%) bestempel die ouers se samewerking as gemiddeld en 25% as swak. 39.4% van die gemengde skole reken die belangstelling is goed

en 33.3% bestempel dit as gemiddeld.

As ons die totaal vir al die skole neem vind ons die volgende oordeel oor die samewerking van die ouers: Gemiddeld, 40%, goed 31.1%, swak en baie swak, elk 11.1% en uitstekend 6.6%.

Ons lei dus hiervan af dat die samewerking van die ouers as gemiddeld na goed bestempel kan word.

(c) Sosiale omgang tussen Indiërs en Kleurlinge, 1940.

Die volgende tabel toon in hoeverre die Indiër- en Kleurlinggroepe omgang met mekaar het:

TABEL 142.

Sosiale omgang tussen Indiërs en Kleurlinge, 1940. (Tvl)

	Baie groot mate.	Groot mate.	Gemiddelde mate.	Klein mate.	Baie klein mate	Totaal.
Indiër-skole.	-	2	1	2	6	11
Gemengde skole	1	1	4	9	18	33
Totaal	1	3	5	11	24	44

54.5% van die Indiërskole bestempel die sosiale omgang tussen Indiërs en Kleurlinge as baie klein en 18.2% as klein. In die gemengde skole bestempel 54.5% dit as baie klein en 27.3% as klein.

As ons al die skole neem vind ons die volgende oordeel: Baie klein, 54.5%, klein 25%, gemiddeld 11.4%, groot 6.8%, en baie groot 2.3%.

Ons kan dus uit bostaande aflei dat die sosiale omgang tussen die twee rasse maar baie gering is. Hierdie gebrek aan sosiale omgang vind ons ook onder die kinders in die skool waar hulle beswaarlik meng. Die enkele gevalle waar die omgang as groot en baie groot bestempel is, is gevalle waar die Indiërs en Kleurlinge langs mekaar woon.

4. VOERTAAL.

(Afdeling F van vraelyste A en B)

(a) Indiërskole.

Ons kan die voertaal in die verskillende klasse soos volg opsom:

TABEL 143.Die voertaal in Indiërskole, 1940. (Tvl)

	<u>Engels</u>	<u>Afrikaans</u>	<u>Eng. en Afr.</u>
Beginners.	8	1	3
Hoërstanders.	9	1	2

Uit hierdie tabel blyk dit dat in 66.6% van die skole die kleintjies deur medium van Engels onderwys ontvang. In 75% van die skole is Engels die voertaal van die hoërstanders. Die een skool wat in die laerklasse albei die offisiële tale gebruik, skakel in standerd II oor na Engels as voertaal. Net een skool gebruik Afrikaans dwarsdeur as voertaal.

Die ander tale wat die leerlinge buite die skool hoor en gebruik, kan ons soos volg opsom:

TABEL 144.Tale wat die leerlinge buite die skool hoor en gebruik, 1940. (Tvl)

<u>Indiërtale</u>	<u>Engels</u>	<u>Afrikaans</u>	<u>Naturelle tale.</u>
20	3	6	6

Die volgende is die Indiërtale wat genoem word: Gujerati, Urdu, Hindi, Tamil. 'n Aantal skole het net gesê Indiërtale en nie gespesifiseer nie. Onder die Naturelle tale wat buite die skool gehoor en gepraat word, word die volgende genoem: Sesoetoe, Zuloe, Tswana. Een hoof het nie gespesifiseer nie.

Dit blyk uit bostaande dat wat die offisiële tale betref die leerlinge meer in kontak kom met Afrikaans; en dus 'n beter kennis van Afrikaans behoort te hê. Dit is egter nodig om daarop te wys dat die Afrikaanse omgewings gewoonlik op die platteland is, waar daar klein skooltjies is. Dus sal die leerling wat Engels buite die skool hoor

en gebruik tog heelwat groter wees as wat deur die tabel weerspieël word.

Hierdie verhouding tussen die twee offisiële tale word duideliker as ons antwoorde ondersoek op die vraag watter die oorheersende offisiële taal in die betrokke omgewing is. Hierdie antwoorde kan ons soos volg saamvat:

TABEL 145.

Oorheersende offisiële taal van die omgewing, 1940. (Tvl)

Engels en Afrikaans	Engels	Afrikaans
4	4	1

Drie hoofde het hulle nie oor hierdie saak uitgespreek nie. Uit hierdie tabel blyk dit dat Engels in werklikheid die offisiële taal is wat die meeste gepraat en gehoor word buite die skool, want Afrikaans word net eenkeer as die oorheersende offisiële taal genoem. Dit blyk egter dat die gegewens in bostaande tabel nie 'n suiwer weergawe is van die regte verhouding tussen Engels en Afrikaans nie. Afrikaans behoort in meer gevalle die oorheersende offisiële taal te wees.

(b) Indiër- en Kleurlingskole. (Gemengde skole)

Die volgende tabel gee die voertaal aan wat in die gemengde skole gebesig word. Ook word die oorheersende huistaal van die Kleurlingleerlinge gegee.

TABEL 146.

Voertaal en huistaal in gemengde skole, 1940. (Tvl)

	Afri- kaans.	Engels	Afr.en Engels	Naturelle taal	Totaal.
Voertaal	11	5	17	-	33
Oorheersende huistaal.	31	2	-	1	34

Volgens hierdie tabel is Afrikaans in 31 uit die 34 skool-omgewings (d.i. 93.9%) die oorheersende huistaal van die Kleurlingleerlinge; en tog is Afrikaans net in 11 van die 33 gevalle (d.i. 33.3%), die voertaal. Engels is net die oorheersende huistaal in 2 omgewings (d.i. 6.1%) en tog is Engels die voertaal in 5 (d.i. 15.2%).

Vir hierdie wanverhouding word in 'n sekere mate vergoed in die 17 skole (d.i. 51.5%) waar Engels en Afrikaans die voertale is. Waar albei die offisiële tale geësig word, word die verhouding nie omskryf nie, maar in die meeste gevalle beteken dit dat Afrikaans in die grade gebruik word en Engels in die ander standerds. In een skool word Engels in die grade gebruik en Afrikaans en Engels in die ander standerds.

Net een uit die 33 gemengde skole meld dat hy spesiale klasse vir Indiërkinders het. Behalwe dat Engels hierin die voertaal is, word verdere besonderhede nie gegee nie. 'n Ander hoof meld dat daar spesiale klasse vir Indiërleerlinge is terwyl die Kleurlingleerlinge Bybelgeskiedenis het. In hierdie klasse is Engels ook die voertaal.

Omdat die Indiërkinders nie die Bybelgeskiedenislesse bywoon nie, sal die meeste gemengde skole wel die een of ander reeling hê vir die Indiërkinders gedurende daardie periode. Die feit bly dat daar geen spesiale tegemoetkomings is vir Indiërleerlinge in gemengde skole nie. Hulle woon die klasse saam met die Kleurlingkinders by en ontvang hulle onderwys deur dieselfde voertaal.

Daar dien egter op gelet te word dat die Indiërkinders in die oorheersende Afrikaanse omgewings, Afrikaans praat met die Kleurlingkinders, en dus nie veel skade behoort te ly deurdat Afrikaans die voertaal is nie.

5. SKRIF.

(Afdeling G van vraelys A).

Daar is twee skole wat net van drukskrif en twee wat net van lopende hand gebruik maak. Die algemene gebruik is om met drukskrif te begin en later oor te gaan na lopende hand.

66.6% van die skole begin met drukskrif maar hou net daarmee aan tot aan die einde van standerd I. 25% van die skole gebruik net drukskrif in die grade, en 8.3% tot aan die einde van standerd II.

Dit is wenslik dat drukskrif tot aan die einde van standerd I gebruik sal word. In standerd II moet die leerlinge bewus geleer word om lopende hand te skrywe, maar albei moet nog toegelaat word. Vanaf standerd III moet lopende skrif gebruik word.

Daar is nog drie skole wat van leie in die aanvangsklasse gebruik maak. Skaarste aan skrifte maak die gebruik van leie soms noodsaaklik.

Die gebruik van potlode varieer in die verskillende skole. 45.4% van die skole gebruik net potlode in die grade, 36.4% in die grade en standerd I, 9.1% in standaerds I en II en 9.1% net in standerd II.

45.4% van die skole begin in standerd I met pen en ink skrywe, 36.4% in standerd II, 9.1% in standerd III en 9.1% in die laaste kwartaal van standerd I.

Daar behoort baie meer uniformiteit te wees met die gebruik van potlode en penne in die verskillende skole. Die beleid behoort te wees dat wanneer die leerlinge in standerd II lopende hand aanleer, hulle ook sal leer om met pen en ink te skrywe. Dan kan vanaf standerd III alleen penne gebruik word.

6. ONDERWYSMETODES.

(Afdeling H van vraelys A).

Die hoofde moes onderstreep watter van 'n aantal genoemde metodes hulle in hul skole gebruik.

(a) Aftrek.

45.5% van die skole gebruik by aftrek die metode van gelyke bytelling, 18.2% gebruik die sogenaamde "Leen-" metode en 9.1% die metode van komplementêre bytelling. Sommige skole maak van meer as een metode gebruik. So gebruik 18.2% die metodes van gelyke en komplementêre bytelling en 9.1% gelyke bytelling en die "leen-" metode.

Uit hierdie gegewens blyk dit dat daar 'n sterk behoefte bestaan aan uniformiteit wat die metodes van aftrek betref. Al sou dit nog nie 'n uitgemaakte saak wees watter van hierdie metodes voorrang behoort te geniet nie, dan nog is dit wenslik om 'n beleid vas te lê, terwille van kinders wat van skole verwissel.

(b) Vermenigvuldiging.

81.8% van die skole begin met die tiene in hulle vermenigvuldiging en 9.1% begin met die ene. 9.1% gebruik albei hierdie metodes.

Die doel was hier om vas te stel in hoeverre die metodes van vermenigvuldiging verskil in die verskillende skole. Alhoewel die skole hier nie so veel verskil as in die geval van die aftrekmetodes nie, is dieselfde argumente vir uniformiteit ook hier van toepassing.

(c) Leesonderwys.

Ook hier wissel die metodes. Soms word die fonetiese metode vir Afrikaans gebruik en die "Look-and-say"-metode vir Engels. 60% van die skole maak van albei die metodes gebruik; 30% net van die "look-and-say"-metode en 10% net van die fonetiese metode.

Dit maak by die aanvanklike leesonderwys nie veel saak watter van die erkende metodes aangewend word nie, mits die onderwyser sy metode ken en sukses daarmee behaal.

7. BIBLIOTEKE.

(Afdeling I van vraelys A).

81.8% van die Indiërskole het bevestig dat hulle wel biblioteke het.

Onderzoek is nie ingestel om uit te vind of die biblioteke tot die voordeel van die leerlinge aangewend word nie, maar die hoofde moes die aantal boeke wat hulle het onder die hoofde fiksie en referensie aangee. Daar is net 3 skole wat in die fiksie-afdeling 250 of meer boeke het. Twee skole het 50 en minder boeke. In die referensie-afdeling is daar 6 skole wat minder as 50 boeke het.

'n Biblioteek is 'n essensiële deel van enige onderwysstelsel, en onderwysers moet gedurende hulle opleiding leer hoe om die beste gebruik te maak van die skoolbiblioteek. Uit die bogenoemde gegewens blyk dit dat die Indiërskole nie ten volle gebruik maak van die onderwysdepartement se vergunning om biblioteekboeke op die £ vir £ stelsel aan te koop nie. Daar is maar een skool met 'n duisend fiksie- en 150 referensie-boeke.

8. SKOOLGEBOU.

(Afdeling J van vraelys A).

60% van die skoolgeboue word gehuur. Bedrae soos £60 per maand vir 'n 18-klaskamergebou en £46 per maand vir 'n 14-klaskamergebou word betaal. 20% van die skoolgeboue word gratis verskaf deur die Indiërgemeenskap. 10% van die geboue word deur die ouers gehuur. Net 20% van die geboue is die eiendom van die administrasie.

Omdat sommige van hierdie geboue te klein is, is die skole genoodsaak om dubbelsessies per dag onderwys te gee.

Die huur van skoolgeboue is 'n duur beleid. Dit is noodsaaklik dat die provinsie geskikte terreine sal vind en sy eie geboue sal oprig.

9. SPESIALE PROBLEME.

(Afdeling K van vraelys A en afdeling G van vraelys B.)

Na 'n ondersoek van die verskillende probleme wat deur die hoofde genoem is, kan hulle soos volg gegroepeer word:

(a) Skoolgeboue en speelgronde.

Skoolgeboue is soms in gehawende toestande. In baie gevalle is daar glad geen speelgronde nie. Hierby kom nog dat baie skole in die mees onopvoedkundige omgewings geleë is. In heelwat van hierdie geboue ontbreek stoor-kamers ook.

(b) Ouers.

Die Indiërs is soms suspisieus as probleme opgelos moet word, veral as die hoof 'n blanke is. Hulle besef ook maar selde die waarde van die onderwys. Dit is moeilik om die ouers te oortuig dat dit voordelig is om hulle kinders verder as standerd VI te laat leer. Soms word geklae dat daar geen samewerking is nie en dat die ouers nie die onderwysers waardeer nie.

Baie van die probleme wat die ouers veroorsaak moet aan hulle konserwatisme toegeskryf word. Armoede skep ook soms belangrike probleme, want arm ouers se kinders kom ongereeld skool toe en hulle word ook vroeg weer uit die skool gehaal.

Skole behoort saam te werk in die poging om die ellende van die armes te lenig.

(c) Leerlinge.

Daar is skole waar die leerlinge drie jaar in die grade gehou word. Een jaar hiervan word dan aan die toekomstige voertaal gewy, soos in Natal. Na hierdie ekstra jaar word die vordering as goed bestempel.

'n Ernstige probleem word geskep deur leerlinge wat vanaf Indië kom. Alhoewel heelwat van hulle se rekenkundige kennis goed is, het hulle gewoonlik geen kennis van die offisiële tale nie. Hulle kom ook eers op gevorderde ouderdom in graad I.

Die ander Indiërkinders kom ook op gevorderde ouderdom in die skool, want hulle moet eers die kerkskole besoek voordat hulle na die gewone skole gaan. Heelwat tyd gaan dan nog verlore omdat spesiale aandag aan die voertaal gegee moet word.

Hierdie probleem word nog vererger omdat leerlinge so vroeg weer die skool verlaat. Dit is veral waar van die meisies, veral Mohammedane. Spesiale skole vir meisies is tot 'n sekere mate 'n oplossing waar die getalle dit regverdig. Spesiale skole is egter selde 'n sukses.

Die ouers veroorsaak ook moeilikheid deur die gebruik van seuntjies en dogtertjies by hulle smousery.

Daar is min omgang tussen Indiër- en Kleurlingkinders in gemengde skole en die Indiërs laat die Kleurlinge maklik oor hulle baasspeel. In 'n paar gevalle word gaklae oor vuil kinders, veral diegenes wat nie Rooms-Katolieke is nie.

(d) Onderwysers.

Daar is 'n tekort aan goeie opgeleide onderwysers. Dit is moeilik vir Afrikaanssprekende onderwysers om hulle by die Indiërs aan te pas, omdat hulle kultuur vreemd en onbekend is. Sulke onderwysers bly steeds bewus daarvan dat daar 'n onoorbrugbare kloof tussen hulle en die leerlinge is.

(e) Skoolvakke.

Engels en Afrikaans is vir die leerlinge vreemde tale. Die onderwys van uitspraak en opstel is veral moeilik. Die Indiër-aksent bly vreemd. Omdat Engels ook vir besigheidsdoeleindes nodig is, word privaat onderwysers baiekeer daarvoor aangehou.

Die leerlinge is soms swak in rekene en stel nie veel belang in die drie kulturele vakke nie.

Gemengde klasse gee ook soms moeilikheid, omdat die Kleurlinge gewoonlik goed is in Afrikaans en die Indiërs in Engels. Die houtwerk- en huishoudkunde sentrum is soms ook nie gerieflik geleë vir alle skole nie.

(f) Skoolbesoek.

Die skoolbesoek is oor die algemeen swak. Sommige hoofde beweer dat die kinders begerig is om skool toe te kom, maar dat die ouers weier om hulle te stuur. Hierdie ongereelde skoolbesoek is dan ook 'n vername oorsaak van vertraagde vordering.

Alleen verpligting kan die skoolbesoek en die standaard van die werk verhoog.

(g) Huiswerk.

Die aandag wat aan huiswerk gegee word is onbevredigend. Huislike toestande is soms van so'n aard dat onderwysers net mondelinge werk gee wat tuis voorberei moet word. As die buiteskoolse godsdienst- en taalklasse in aanmerking geneem word is dit te betwyfel of dit wys is om huiswerk, van watter aard ookal, aan Indiërleerlinge te gee.

(h) Voertaal.

Veral sommige gemengde skole ondervind moeilikheid met die voertaal wat vir die Indiërkind vreemd is. Die Kleurlingkind se vordering word hierdeur tot 'n mate vertraag.

(i) Laatkom.

Vir hierdie verskynsel moet die belanglose ouer geblameer word. Baie kinders staan soggens op wanneer hulle lus voel om op te staan, en die ouer bekommer hom nie oor wanneer hulle by die skool aankom nie.

Laatkom is dan ook een van die faktore wat die vordering van die Indiërkind vertraag.

(j) Werkverskaffing.

Hoofde wat hulle bekommer oor die na-skoolse loopbaan van die kinders, vind 'n ernstige probleem in die beperkte werkgeleenthede wat daar bestaan.

In hierdie opsig is beroepskeusevoorligting en pogings tot werkverskaffing 'n dringende noodsaaklikheid.

(k) Moderne onderwys-uitrusting.

Ook op hierdie gebied is daar al vordering gemaak. Die draadloos, die projektor en ander onderwysmiddels word reeds in 'n hele aantal skole aangetref. Een skool het selfs sy eie kliniek.

10. DIE SAAM-SKOOLGAAN VAN INDIËRS EN KLEURLINGE.

(Afdeling L van vraelys A en afdeling H van vraelys B.)

(a) Inleiding.

Oor hierdie aspek van die ondersoek is hoofde van Indiër- en gemengde skole pertinent gevra of hulle ten gunste van die saam-skoolgaan van Indiër- en Kleurlingkinders is. Daarna moes hulle in twee lysse van moontlike argumente vir en teen gemengde skole, die argumente deur -

trek wat hulle as ongeldig beskou. Indien moontlik moes hulle verdere argumente byvoeg.

Om oor hierdie aspek ook die sienswyse in te win van persone waarvan die meeste self hulle onderwys in gemengde skole ontvang het, is 56 Indiër- en Kleurling normaalstude-
dente gevra om 'n opstel te skrywe oor: "Is die saam-
skoolgaan van Indiër- en Kleurlingkinders wenslik?" Van
hierdie studente het ek gegewens gekry wat nie andersins
verkrybaar was nie.

Om die sienswyse van die algemene Indiërpubliek en
ander belangstellendes oor hierdie saak te kry, is hulle
deur middel van die Indiër-weekblad, "Indian Views," uit-
genooi om hulle sienswyses te gee. Antwoorde op hierdie
uitnodiging is in die "Indian Views" van 25 November 1938
behandel. 'n Onbekende persoon het ook sy sienswyse direk
per brief aan die skrywer gestuur.

Hierdie deel van die ondersoek is ook geïnspireer
deur die feit dat die verskillende provinsies in hierdie
opsig verskil wat hulle beleid betref. Die Kaapprovinsie
het net gemengde skole. Kleurlingskole is die enigste skole
daar waar Indiërkinders onderwys kan ontvang. Natal maak
'n skeiding tussen hierdie twee bevolkingsdele. Daar is
net suiwer Indiërskole en suiwer Kleurlingskole. Trans-
vaal het albei die soorte skole naamlik suiwer Indiër-
skole en gemengde Indiër- en Kleurlingskole. (1)

(b) Antwoorde vir en teen gemengde onderwys.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die antwoorde
vir en teen die saam-skoolgaan van Indiërs en Kleurlinge:

(1) The National Bureau of Educational and social
Research: Bulletin of Educational statistics for the
Union of S.A., 1939; 15.

TABEL 147.

Antwoorde vir-- en teen die saam-skoolgaan van Indiers
en Kleurlinge.

Indiër- en Gemengde skole. Is saam-skoolgaan wenslik?		Studente. Is saam-skoolgaan wenslik?		Totaal	
Ja.	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee
14	31	14	34	28	65

'n Aantal skole het net die argumente behandel, maar nie beslis kant gekies nie. 'n Aantal studente het weer 'n gedeeltelike gemengde onderwys voorgestaan. Hulle beveel gemengde onderwys aan in die grade of tot standerd II, en op middelbare skool, maar apartheid in die middelstanderds. Hulle grond hierdie beskouing op die feit dat die kleintjies nie omgee om saam skool te gaan nie, en die leerlinge in die middelbare skool al verstandig genoeg is om hulle by die toestande aan te pas. Andere keur weer alleen gemengde onderwys in die middelbare skool goed.

69.9% van diegenes wat 'n definitiewe beslissing gevel het, is teen gemengde onderwys en 30.1% is tengunste daarvan. Daar dien egter op gelet te word dat die meeste wat kant gekies het die grondige argumente vir die ander kant so gelaat het en nie deurgetrek het nie.

(c) Argumente ten gunste van gemengde onderwys.

Die volgende argumente is ten gunste van gemengde onderwys aangehaal. Die eerste 12 word in dalende orde behandel vanaf die een wat die meeste genoem is. Die res het almal ewe veel ondersteuners.

1. Die koste verbonde aan aparte skole sal te hoog wees. Op die platteland word hierdie twee bevolkingsdele deur klein groepies verteenwoordig. Saam regverdig hulle in baie gevalle skaars een skooltjie. Selfs waar die getalle twee aparte skooltjies regverdig sal dit maar klein skooltjies wees en sal dit nie billik wees om te verwag dat die owerheid twee skole moet bou en onderhou nie.

2. Gemengde onderwys is nodig vir die afrikanisering

van die Indiërs. As die Indiërs wil aanspraak maak daarop dat hulle Suid-Afrikaners is, dan moet hulle die Oosterse kleur prysgee en hulle by die Suid-Afrikaanse lewensaard aanpas. Gemengde onderwys kan hulle in hierdie opsig baie help. Baie van die Indiërs wat hier gebore is pas hulle tog reeds met 'n taamlike mate van sukses by ons land aan.

3. Omdat Indiërs en Kleurlinge dieselfde kleur het, kan hulle maar saam skoolgaan ook. Daar is ook ander opsigte waarin hulle ooreenkom.

4. Omdat daar tog ondertrouing plaasvind, kan die twee groepe maar saam skoolgaan. Ondertrouing vind gewoonlik plaas tussen Indiërs wat Rooms-katolieke is, of geen godsdiens aanhang nie, en Kleurling vroue. Die meeste van die kinders wat uit hierdie huwelike gebore word, praat Afrikaans.

5. Indiër- en Kleurlingkinders wat saam skoolgaan, leer mekaar beter verstaan en respekteer. Op hierdie wyse word rasse-moeilikhede oorkom. Aparte skole bring verwydering soos bewys word deur die versteurde verhouding tussen die hoërskoolleerlinge, nadat die middelbare skool vir Indiërs in Johannesburg in die lewe geroep is.

6. Gemengde onderwys is wenslik omdat die twee bevolkingsgroepe met mekaar omgaan. Dit geskied veral in die geval van Kleurlinge en Indiërs wat aan die Rooms-katolieke kerk en aan die kerk van Engeland behoort. Ook in die kommersiële wêreld is daar omgang.

7. Omdat hulle op dieselfde sosiale en beskawingspeil lewe, is gemengde onderwys wenslik. Hier word bedoel die Westerse beskawing. Dit is 'n beskawing wat vreemd was vir die Indiërs, maar waarby 'n deel van hulle hul reeds aangepas het. In werklikheid is hierdie aangeleerde beskawing net 'n uiterlike beskawing wat weerspieël word in dingetjies

soos kleredrag. In sy wese bly die Indiër egter 'n Oosterling.

8). Omdat die Kleurlinge ten gunste van gemengde onderwys is, behoort dit toegepas te word. Dit is ook noodsaaklik, so beweer hulle, omdat die Indiërs ook ten gunste daarvan is. Daar is egter Kleurlinge wat beweer dat die Indiërs alleen ten gunste daarvan is omdat dit vir hulle 'n middel tot 'n doel is.

9). Die Indiërs gebruik nie een van die offisiële tale tuis nie. As hulle saam met Kleurlinge skoolgaan, kry hulle geleentheid om tenminste met een van die offisiële tale nader kennis te maak. As die voertaal van die skool dieselfde is as die taal wat deur die meeste Kleurlinge gebesig word, dan sal hierdie omgang definitief bevorderlik wees vir die Indiërs.

10). Die aanwesigheid van die twee volksgroepe in dieselfde skool, veroorsaak 'n gesonde kompetisie omdat die Indiërs in sekere vakke uitblink en die Kleurlinge weer in ander vakke. Hierdie kompetisie sal egter alleen gesond wees as dit deeglik gekontroleer word en nie ont-aard in wedersydse veragting en ongebalanseerde wedywering nie.

11). Die samewerking wat gemengde onderwys meebring is bevorderlik vir wedersydse opheffing. Veral die beter tipe Indiër help die Kleurlinge.

12). Kleurlinge en Indiërs word as nie-blankes geklassifiseer. As hulle dus 'n verenigde front wil vorm is dit wenslik dat hulle kinders saam sal skoolgaan.

13). As Indiër- en Kleurlingkinders saam skoolgaan dan is die skole groter en dan deel die leerlinge in die beter onderwys-voorregte wat die groter skole bied.

14). Omdat die Kleurling 'n tussenpersoon is tussen die blankes en Naturelle, beweer sommige Indiërs dat gemengde onderwys hulle sal help om die Kleurling te leer ken, en as hulle die Kleurling ken sal hulle die blanke

Naturel beter begryp.

15). As die Indiërs en Kleurlinge dit opreg be-
doel as hulle 'n beleid van apartheid beveg, waarom dan
apartheid toepas in hulle skole? 'n Mens doen tog nie die
ding wat jy beveg nie.

16). Geen aparte skole is te regverdig solank die
owerheid die beleid van ~~re~~repatriasie volg nie.

17). Geen staat kan elke klein minderheid toelaat
om aparte skole op te rig nie.

18). Gemengde onderwys sal die Indiërs laat besef
dat hulle benede die peil van die blanke staan.

(d). Argumente teen gemengde onderwys.

Die volgende argumente is genoem teen die
gemengde onderwys van Indiërs en Kleurlinge. Hulle word
behandel in dalende orde vanaf die een wat die meeste
genoem is.

1). Die Indiërs behoort tot 'n aparte nasie, met sy
eie tale, godsdienste, gewoontes, kultuur. Dit is vir die
Kleurling 'n vreemde ras, wat met sy eienaardighede aller-
hande pro-bleme skep in die gemengde skool. So kan Indiër-
meisies weens hulle kleredrag nie aan al die liggaamsoefen-
inge deelneem nie. Hulle mag aan sekere soorte vleis nie
raak nie, en dan moet die Kleurlingmeisies in die kookkuns-
klas al die werk doen.

2). Die Kleurlinge praat 'n offisiële taal veral
Afrikaans, en ontvang hulle onderwys deur hulle moedertaal.
Van die offisiële tale gee die Indiërs voorkeur aan Engels,
ook as voertaal in die skole, Gemengde onderwys kan moeilik
hier reg aan albei groepe laat geskied.

3). Daar is niks gemeen tussen hierdie twee rasse
wat hulle belangstellingsrigtings betref nie. Hulle lewe
eenvoudig in twee aparte wêrelde.

4). Hulle volg ook nie dieselfde loopbane in die
lewe nie. Die meeste Indiërs se lewe en strewe is alleen op

besigheid gerig. Die Kleurlinge daarinteen is handwerksmense, wat in hierdie opsig halfgeskoolde loopbane volg. Die onderwys kan hierdie verskil nie buite rekening laat nie.

5). Die Indiërs is nie ten gunste van gemengde onderwys nie. Hulle beweer dat die meeste blankes ten gunste van apartheid is en dat hulle in hierdie opsig dieselfde ideale het. Die Indiërs se houding word ook beïnvloed deur die feit dat hulle teen Afrikaans is; veral as voertaal.

6). Die Kleurlinge is ook nie ten gunste van gemengde onderwys nie.

7). Die sosiale verskil tussen hierdie twee bevolkingsgroepe is so groot dat daar nie 'n noemenswaardige mate van sosiale omgang tussen hulle kan wees nie.

8). 'n Argument wat besonder swaar weeg is die ^{vyandiggesindheid tussen} 'n diër - en Kleurlingleerlinge in gemengde skole. Hierdie gesindheid lei baiekeer tot botsings tussen die leerlinge en later ook tussen die ouers. Een het dit soos volg uitgedruk:

"There is a clash where East meets West".

9). Gemengde onderwys is nie wenslik nie omdat die Kleurlinge op 'n laer beskawingspeil lewe as die Indiërs. Die gewig van hierdie argument sal ook weer afhang van wat met beskawing bedoel word waar dit betrekking het op hierdie twee bevolkingsgroepe.

10). Omdat die Indiërs instaat is om groter finansiële steun aan die skool te verleen, beweer hulle dat dit onbillik is as die Kleurlinge dieselfde onderwysvoorregte geniet sonder om ook finansiël by te dra. Die feit dat die Indiërs ryker is en hulle kinders dus as bevoorregtes die skool saam met die armer Kleurlinge besoek, is ook 'n bron van wrywing tussen die leerlinge. Die bewering van Kleurlingkant dat die baie presentjies aan die onderwysers tot voorttrekkery aanleiding gee, is ook nie van alle waarheid ontbloot nie..

11). Alhoewel beweer word dat die twee groepe nie be-

vooroordeeld is teenoor mekaar nie, beskou hulle tog die een die ander as sy mindere en verag mekaar. Daar is 'n duidelike meerderwaardigheidsgevoel by die Indiërs, veral die Mohammedane.

12). Opvoedkundig is die gesondste beleid die waar die Kleurlingkinders deur Kleurling-onderwysers en Indiërkinders deur Indiër-onderwysers opgevoed word. Hierdie beleid is in die gemengde skool onuitvoerbaar.

13). Gemengde skole maak 'n skool-voedingstelsel wat ten voordele van die hele gemeenskap is, onmoontlik. Voedsel wat vir die Kleurlingkind voorberei word, mag nie deur die Indiërs aangeraak word nie, en 'n dubbele voedingstelsel by elke skool is onuitvoerbaar.

14). Die ge-aardheid van die twee groepe kinders verskil ook hemelsbreed. Dit maak samewerking op skool feitlik onmoontlik. So onttrek die Indiërs hulle gewoonlik aan gesamentlike konserttoefeninge. Die meeste sing ook nie saam in die sangles nie, en Bybelgeskiedenis mag hulle nie bywoon nie.

15). Gemengde skole lei tot gemengde huwelike tussen Indiërmans en Kleurlingvroue. Hierin sien die Kleurlinge 'n definitiewe verlies, wat tot 'n groot mate in aparte skole voorkom kon word.

16). Die huislike omstandighede van die Kleurling is in die meeste gevalle ongunstig vir huislike studie. Die kinders moet baiekeer na skool ander werk vir hulle ouers doen en baie van die gewone geriewe wat noodsaaklik is as huiswerk tuis ge-doen moet word, ontbreek. Dit veroorsaak 'n ongelyke kompetisie tussen Kleurling en Indiër in die gemengde skool.

17). Daar is geen verskil tussen die huislike-en die skoolomgewing in die geval van die Kleurling nie. Albei hierdie omgewings is Westerse omgewings waarvan die kind van kleinsaf gewoon is. Die Indiër daarteen is 'n Oosterling tuis, maar word gedwing om 'n Westerling by die skool te wees. Dit is twee omgewings wat lynreg teenoor mekaar staan.

18). Dit is nie gemengde skole nie, maar wel aparte skole wat daartoe sal lei dat hierdie twee groepe mekaar sal respekteer.

19). Sommiges het verwys na die **argumente** wat by die onderwys van blankes aangevoer word ten gunste van aparte Afrikaans-en Engelsmedium-skole. Hulle voel egter dat hierdie argumente nog swaarder weeg in die geval van die onderwys van Indiërs en Kleurlinge.

20). Hulle verskil ook wat aanleg betref. Die Kleurling is 'n liefhebber van sport, terwyl die Indiër sy studies baie ernstig opneem.

(e). Gevolgtrekkings.

Daar is 'n duidelike skeidslyn tussen die Asiaat en die Kleurling. Hulle verskil in godsdiens, taal; gewoontes, ge-aardhede en ras. Alhoewel die Kleurlinge onderling tot 'n groot mate verskil, kan hulle tog duidelik gedifferensieer word van die Indiërs. Daar was in die verlede in werklikheid min sosiale en geslagsvermenging tussen die twee, en die groot verskille tussen die twee sal hulle ook in die toekoms apart hou. (1)

Ook op die gebied van die loopbane wat hulle kies verskil die twee groepe wesenlik. Waar die Indiër se aandag op besigheid gevestig is, daar vind ons die volgende onder die beroepe wat die meeste Kleurlinge volg: Messelaars, Skrynwerkers, skilders, kleremakers, skoennmakers, steenmakers, saal en tuie-makers, wamakers en huisraadmakers. (2)

By monde van die Transvaalse Indiërkongres, en die Indiër -onderwysersvereniging vra die Indiërs vir aparte skole. As redes voer hulle aan dat die Indiër en Kleurling verskil wat kultuur en beskawing betref. Ook verskil hulle wat hulle

(1). Evans: Black and White in South East Africa; 283-309.

(2). Stevans: White and Black; 282 -283.

huistaal betref, want die Kleurlinge praat oorwegend Afrikaans, terwyl die huistaal van die Indiërs 'n Indiërtaal is en die Indiërs verkies om deur Engels onderwys te word. In kleiner plekke waar aparte skole nie moontlik is nie, is hulle egter tevrede as die kinders van die minderheid die skool van die meerderheid besoek. (1).

In "Indian Views" word sterk gepleit vir aparte skole, omdat die Indiërkinders dan hulle onderwys kan ontvang van Indiër-onderwysers. Dan sou faktore soos die volgende ook in aanmerking geneem kan word:

- i). Die huistaal van die kind.
- ii). Indiër-etiek.
- iii). Indiër-gewoontes, maniere en ge-aardhede.
- iv). Die godsdienstige beskouings en idees van die Indiërs.
- v). Die morele, fisiese en verstandelike toepassing van bogenoemde in sake wat die onderwys raak. (2).

Aan die ander kant pleit die Kleurlinge ook vir aparte skole. As mondstuk tree op die Transvaalse Kleurling-onderwysersvereniging wat homself noem: "Transvaalse mede-Afrikaner Onderwysbond". Hulle beweer dat die aanwesigheid van die Indiër in hulle skole hulle vooruitgang belemmer. Die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike gees, eie volkstradisies en ideale is ook onmoontlik. Die grondslag van hulle opvoeding is Christelik-nasionale onderwys, en dit kan nie met die Indiër in hulle midde teregkom nie. Die invloed van die Indiërs op hulle kinders is ook nie bevorderlik vir hulle latere lewe nie. Tenslotte beweer hulle dat hulle wat onderwyssake betref beide op die platteland en in die stede deur die Indiërs uitgebuit word. (3).

(1). The Transvaal Indian Congress: Statement....; 8-9

Ook The Transvaal Indian Teachers' Association: Memorandum.
(2). Indian Views. 25 / 11 / 1938.

(3). Transvaalse Mede-Afrikaner Onderwysbond: Memorandum..

Met reg beveel die onderwyskommissie van 1938 dan ook aan dat waar die getalle dit regverdig, afsonderlike skole opgerig moet word vir Kleurlinge- en Indiërkinders; omdat die twee rasse inderdaad weinig gemeen het; en omdat hulle tradisies radikaal verskil. Die verskille tussen die twee bevolkingsgroepe word dan soos volg saamgevat deur die kommissie:- "wat betref hulle wyse van bestaan is die Kleurlingbevolking van Transvaal handwerksmanne, halfgeskoolde arbeiders, landbouers ens. Die Indiërs gee voorkeur aan handel in sy verskillende vertakkinge. Wat betref die taal, is die huistaal van die Kleurlingbevolking gewoonlik Afrikaans, terwyl Engels die Europese taal is wat die Indiërs begierig is om te leer met die oog op hulle beroep. Wat betref godsdiens, is die Indiërs Mohammedane, Hindoes of Boeddhiste, terwyl die Kleurlingbevolking protestante-Christene is. Beide seksies het dus goeie redes om afsonderlike skole te eis." (1).

11. Samevatting.

Die ondersoek van die antwoorde op die vraelyste het die volgende openbaar in verband met die onderwys, opvoedende invloede en die saam-skoolgaan van Indiërs en Kleurlinge:

Die leerplan is dieselfde as die vir skole vir blankes. In die plek van Bybelgeskiedenis word daar eerder morele of sedeslesses gegee. Dit is egter nodig dat die leerplan drasties hersien sal word om by die behoeftes van die Indiërs aan te pas. Die gegewens toon dat die leerlinge gewoonlik die beroepe van die ouers volg. Waar die ouers in 82.5% van die gevalle 'n kommersiële beroep gevolg het, daar het die leerlinge in 78.4% van die gevalle dit gevolg. Dit is dus nodig dat die leerlinge in 'n groter mate voorberei sal word vir hulle toekomstige beroep. Behalwe dat hier en daar aandag

(1). Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939; 234.

aan tuinbou gegee word en dat sekere aspekte van die rekenleerplan beklemtoon word, word die leerlinge glad nie voorberei vir 'n toekomstige beroep nie. Daar is net een skool wat boekhou na standerd VI aanbied.

Die hersiening van die leerplan word ook nodig ge-ag omdat die Indiërkind 'n buitengewone lang skooldag het. Daar word byvoorbeeld gemiddeld 'n halfuur per dag in beslag geneem deur seremonies buite skoolure. Hierdie feestelikhede staan in verband met die Indiër-godsdienste. Ekstra tyd word ook gewy aan klasse buite skoolure. Die tyd aan hierdie taal- en godsdienstklasse gewy, wissel van 2 tot 5 uur per dag. Vir al hierdie buiteskoolse aktiwiteite word gemiddeld 3 uur per dag van die kind se vrye tyd in beslag geneem.

Alhoewel die belangstelling en die samewerking van die ouers as gemiddeld na goed bestempel word, is daar tog baie gevalle waar die ouers hulle nie die minste steur aan die onderwys van hulle kinders nie. Trouens in heelwat gevalle word die kinders vir privaat doeleindes uit die skool gehou.

Daar is feitlik geen sosiale omgang tussen die Indiërs en die Kleurlinge nie. Selfs op skool meng hierdie twee rasse beswaarlik.

In die oorgrote meerderheid van die Indiërskole is Engels die voertaal. In 'n paar gevalle word Afrikaans net in die grade gebruik. Daar is net een skool waar Afrikaans dwarsdeur as voertaal gebruik word. Afrikaans word egter meer as Engels buite die skool gehoor en gebruik. Alhoewel in die gegewens oor die oorheersende offisiële taal van die omgewing, Engels meer kere as Afrikaans genoem word, blyk dit tog dat die verhouding tussen die twee offisiële tale baie eweredig is en dat die oorheersende gebruik van Engels as voertaal nie te regverdig is nie.

Die Kleurlinge is feitlik almal Afrikaanssprekend. In 93.9% van die omgewings is Afrikaans die oorheersende huistaal en tog is Afrikaans net in 33.3% van die gemengde skole die voertaal. In 51.5% van die skole is Afrikaans en Engels die voertale. Dit beteken gewoonlik dat Afrikaans in die grade gebesig word en Engels in die ander standers.

Daar bestaan geen spesiale tegemoetkomings vir die Indiërs in gemengde skole nie. Behalwe Bybelgeskiedenis woon hulle die gewone klasse saam met die Kleurlingkinders by en ontvang hulle onderwys deur dieselfde voertaal.

Wat skrif-onderrig betref is die algemene gebruik om met drukskrif te begin en later oor te gaan na lopende hand. Daar behoort egter baie meer uniformiteit te bestaan wat betref die standerd waarin met lopende hand begin word. Dieselfde geld vir die gebruik van potlode en penne. Die beleid behoort te wees dat wanneer die leerlinge in standerd 11 lopende hand aanleer, hulle ook sal leer om met pen en ink te skrywe.

Hierdie gebrek aan uniformiteit word ook by die metodes van rekene-onderwys openbaar. By aftrek word die metodes van gelyke bytelling, komplementêre bytelling en die "leef"-metode na willekeur gebruik. Alhoewel die meeste skole by vermenigvuldiging met die tiene begin is daar nog heelwat wat met die ene begin.

By die aanvanklike leesonderwys maak 60% van die skole van die "look- and - say-" en van die fonetiese metode gebruik. Uniformiteit in verband met die verskillende metodes is veral noodsaaklik terwille van die kinders wat van skole verwissel.

'n Biblioteek is 'n essensiële deel van enige onderwysstelsel. Alhoewel 81.8% van die skole wel bevestig het dat hulle biblioteke het, blyk dit uit die aantal boeke waaroor

hulle beskik dat die meeste biblioteke heelwat te wense oorlaat.

Net 20% van die skoolgeboue^e is die eiendom van die administrasie. Sestig persent van die skoolgeboue word gehuur en bedrae soos £60 per maand vir 'n 18-klaskamer-gebou word betaal. Die huur van skoolgeboue is 'n duur beleid en dis dus noodsaaklik dat die provinsie geskikte terreine sal vind en sy eie geboue sal oprig.

Indiër-onderwys wemel van spesiale probleme.

Kinders kom op 'n gevorderde leeftyd op skool. Hulle skoolbesoek is swak en hulle verlaat die skool weer gou. Die lang skooldag maak huiswerk onmoontlik en die onderwys word deur 'n vreemde voertaal bemoeilik. Die leerplan pas hom ook nie aan by die behoeftes van die Indiërs nie. Hierby kom nog dat die leerlinge in baie gevalle hulle onderwys van blankes en Kleurlinge moet ontvang. Die meeste van hierdie probleme het hulle ontstaan te danke aan die eienaardighede van hierdie Oosterse bevolking. Hulle het nog nie 'n Westerse onderwystradisie opgebou nie. Hulle rasse-eienaardighede en gewoontes geniet voorrang of dit noual met die onderwys bots of nie. Sekere probleme is moeilik oplosbaar, soos byvoorbeeld die voertaal-vraagstuk: maar baie van die ander probleme kan beveg word as verpligte onderwys ingevoer word.

Hoofde van skole, normaalstudente en die Indiër - publiek is gevra om hulle sienswyse te gee oor die wenslikheid van gemengde Indiër - en Kleurling-onderwys. Alhoewel sommige gemengde onderwys in die laagste klasse en op middelbare skool voorgestaan het, het 69.9% 'n definitiewe beslissing teen gemengde onderwys gevel. Dertig persent was ten gunste daarvan.

Onder die argumente ten gunste van gemengde onderwys is onder andere daarop gewys dat aparte skole te veel sal kos, dat gemengde onderwys die afrikanisering van

die Indiërs sal bevorder, dat daar tog sosiale omgang is tussen die twee rasse en dat hulle mekaar in *gemengde* skole beter sal leer verstaan. Ook sal dit die Indiërs se kennis van die offisiële tale bevorder en 'n gesonde kompetisie tussen die leerlinge te weeg bring.

Aan die ander kant is daar in die argumente teen gemengde onderwys onder andere daarop gewys dat die Indiërs tot 'n aparte nasie behoort met sy eie tale, godsdienste, gewoontes, kultuur. Kleurlinge behoort *deur* Afrikaans onderwys te word, terwyl die Indiërs voorkeur aan Engels gee. Hulle volg ook nie dieselfde loopbane nie en verskil wat belangstellingsrigtings en aanleg betref. Omdat die twee rasse hemelsbreed verskil is daar voortdurend 'n vyandiggesindheid tussen die leerlinge in die *gemengde* skole. In gemengde skole kan die leerlinge nie van hulle eie onderwysers onderwys ontvang nie en is 'n algemene skool-voedingstelsel onuitvoerbaar. Die Indiër is 'n Oosterling tuis maar word *gedwing* om 'n Westerling by die skool te wees. Dit is twee omgewings wat lynreg teenoor mekaar staan. Albei die rasse wil ook graag apart wees.

Die onvermydelike gevolgtrekking is dat aparte skole waar moontlik, die gesondste beleid is. Beide seksies het goeie redes om afsonderlike skole te eis. As die Oosterling onderwerp word aan 'n Westerse onderwysstelsel, dan is hy in staat om daar voordeel uit te trek, maar in wese bly hy 'n Oosterling. Daarom word daar probleme *geskep*, veral waar hy saam met die Kleurling skoolgaan. Twee sulke uiteenlopende beskawings is nie maklik versoenbaar nie.

.....